

# Pretoriana

UNIVERSITEITSPUBLIEKASIE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

2 NOV 1954

Klasnommer 05(68)

Registernommer P2/3



*Genootskap Oud-Pretoria*

*Association Old Pretoria*

Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

## INHOUD — CONTENTS

- Dr. W. Punt: 'n Versameling seldsame Dokumente en Foto's
- C. J. Beanes: Pretoria fifty years ago. I.
- M. van den Heever: Maria van Riebeeck.
- Heloise Greenlees: The Reception after the Wedding. II.
- J. M. H. van Aardt: Vier Bestuursvorme binne een Dekade. II.
- H. M. Rex: Enige Mededelings i.v.m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat. II.
- C. J. Beanes: Origin of Street Names.
- R. Peacock: Die Geskiedenis van Hercules. II.

DE LOOR'S BPK.

Die oudste Bakkers van Pretoria

Met 65 lange jare  
ondervinding

Verkoop die beste

BROOD EN KOEK

FOON 23291 VIR DIE BESTE DIENS

# 'N VERSAMELING SELDSAME DOKUMENTE EN FOTO'S

**M**NR. P. M. D. KROGH van Bourkestraat 282, Pretoria, is in besit van waardevolle dokumente en foto's wat deur sy grootvader, Senator J. C. Krogh, nagelaat is. Mev. M. Batchelor—dogter van wyle Sen. Krogh, en sy kleinseun mnr. P. Krogh het tans besluit om hierdie waardevolle geskiedkundige stukke deur bemiddeling van die Genootskap Oud Pretoria aan die Staatsargief te skenk.

Die skenking bestaan uit stukke uit die jare 1869 tot 1904, wat die opkoms, bloei en anneksasie van die Z.A. Republiek dek. Die dokumente bestaan hoofsaaklik uit aanstellingsbriewe uitgereik aan J. C. Krogh, versameling van handtekeninge van Boereleiers uit die 1899-1902 oorlog, en sekere seldsame foto's.

Die stukke is deur wyle Senator Johannes Christoffel Krogh in sy loopbaan as staatsamptenaar van die Z.A.R., Transvaalse en Unieregering versamel. Die briewe bewys dat hy belangrike poste in die staatsdiens van Transvaal beklee het en steeds die vertroue van sy owerhede geniet het.

Die Krogh-familie is van Deense oorsprong waar die naam reeds in 1236 voorkom. Die stamvader van die Suid-Afrikaanse familie, Johannes Christoffel Krogh, is in Denemarke gebore maar in Holland opgevoed. In 1794 het hy op jeugdige leeftyd as assistent chirugyn, sy oom Dr. Zoomers, na Suid-Afrika vergesel en hom mettertyd in die Oostelike Provinsie gevestig, alwaar hy in 1803 te Zwelldam getroud is.

Hy was met Hester, die dogter van Petrus Ignatius Mare, getroud. Deur hierdie huwelik het hy 'n verwant van kommandant Andries Pretorius geword, want Hester se oom Paul Jacobus Mare was met die kommandant se suster Johanna Magdalena getroud.

Johannes Christoffel Krogh, die latere Senator, is op 6 September 1846 te Somerset-Oos gebore — dus uit dieselfde geweste vanwaar so baie van die Voortrekkers en hul leiers gekom het. Sekere van hierdie manne het later die Z.A. Republiek gestig, die staat wat J. C. Krogh met voorbeeldige trou, pligsbesef en eerlikheid vir 'n halwe eeu so knap sou dien.

Krogh het sy skoolopleiding in Uitenhage en aan die South African College in Kaapstad ontvang. Op 23-jarige leeftyd verhuis hy na die pasgestigte Pretoria alwaar hy op 23-12-1869 as Klerk van die Weesheer sy loopbaan as staatsamptenaar begin het. Sy loopbaan het tot 5-5-1921 voortgeduur toe Senator J. C. Krogh in Middelburg, Transvaal, oorlede is. In 1873 het hy met mej. Maria Meintjies in die huwelik getree.

Die versameling dokumente, briewe en portrette wat die Senator nagelaat het dra die handtekening of beeltenis van dosyne van ons



*'n Groep Z.A.R. Offisiere uit die 1899—1902 oorlog; geneem in Swazieland.*

*1. Kaptein McKenny; 2. Veldk. Alberts; 3. Veldk. Slabbert; 4. Luit. Potgieter; 5. D. v. Velden, Secr. Uitvoerende Raad; 6. Ds. Neethling; 7. Veldk. P. B. Swart; 8. Vreder. Ph. Minnaar; 9. Kapt. G. Joubert; 10. Comdt. du Toit; 11. Veldk. P. M. Mantz; 12. Comdt. W. Viljoen; 13. Comdt. D. Schoeman; 14. Gnl. L. Meyer; 15. Mnr. J. C. Krogh; 16. Veldk. J. de Beer; 17. Dr. Neethling; 18. Veldk. Schulz; 19. Veldk. Retief; 20. Krygoffisier W. Baster; 21. Veldk. J. Pienaar; 22. Veldk. W. Joubert; 23. Asst. Veldk. B. Jordaan; 24. Veldk. Young*

beroemde manne. Die oudste brief in die versameling dra die datum 15-3-1872 en is deur D. J. Erasmus, Fungerende Staatspresident en N. J. Swart, Goewernementsekretaris onderteken.

In 'n aanstellingsbrief word J. C. Krogh op 5-3-1877 as Publieke Aanklaer vir Pretoria benoem en die benoeming dra die handtekening van President Thomas Burgers en Swart, sekretaris. Kort hierna het T. Shepstone die Z.A.R. ge-annekseer en op 20-8-1877 stel M. Osborn, „Secretary to the Government”, mnr. J. C. Krogh aan „to appoint you, without salary, to act as Registrar of the HIGH Court of Pretoria during the temporary absence of Mr. Haggard on Circuit”.

'n Ander interessante dokument is die van 31 Mei 1878 waarin J. C. Krogh as Landdrost van Pretoria aangestel word in die plek van mnr. William Skinner wat bedank het. Uit ander gegewens blyk dit dat mnr. Krogh 'n jaar voor die Eerste Vryheidsoorlog in 1879 een van die stigters van die nuwe dorp Standerton was.

'n Paar jar later, op 8-8-1881, het staatssekretaris W. E. Bok die benoeming van Krogh tot Landdrost van Wakkerstroom teen £400 per jaar geteken. Die 13de Junie 1882 is weer 'n aanstellingsbrief uitgereik en hierdie keer deur S. J. P. Kruger as Vise-President onderteken en wel namens „De Staatspresident vertegenwoordigd door Het Hoog-Ed. Driemanschap”.

Mnr. Krogh het op 21-2-1895 „Speciale Commissaris” vir Swazieland geword en in hierdie hoedanigheid het hy in Augustus 1897 saam met G. R. von Wielligh die Portugese-Swazieland Z.A.R. grens gaan afbaken. Van sy kennis van Swazieland is later deur die Engelse bewind en Unieregering dikwels gebruik gemaak.


Gedurende die 1899-1902 oorlog is J. C. Krogh op 23-8-1901 te velde tot lid van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. gekies en sy aanstellingsbrief is deur Staatssekretaris F. W. Reitz geteken. Hy het as Uitvoerende Raadslid aan die vredesonderhandelinge te Vereeniging en die ondertekening van die Verdrag te Pretoria deelgeneem.

Die vergadering van afgevaardigdes het op 15 Mei 1902 begin en van die staanspoor het J. C. Krogh al die verteenwoordigers van die Z.A.R. en O.V.S. presensielyste laat teken. Sommige van hierdie lyste dra lakseëls maar die lyste het hy met 'n sertifikaat van egtheid voorsien:

„Ik, Johannes Christoffel Krogh, sertifiseer dat bovenstaande naamteekeningen in myne teenwoordigheid zyn gedaan, en die zyn van de Leden van den Uitvoerenden Raad deur Zuid Afr. Republiek die als zoodanig ageerden gedurende den oorlog 11 Oktober 1899-31 Mei 1902 en deel namen in het sluiten er van.

J. C. Krogh,  
Lid v/d Uitv. Raad en  
Vrederegter der Z.A.R.”

Vereeniging Z.A.R.  
28 Mei 1902.



*PARKZICHT 1902, h/v van der Walt- en Jacob Marestrate.*

*Links na Regs: De la Rey, Lucas Meyer, Schalk Burger, Louis Botha, J. C. Krogh, F. W. Reitz*

*Om die verdrag namens die Z.A.R. te onderteken.*

Die ledelys van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. bevat die name van: S. W. Burger, F. W. Reitz, L. J. Meyer, Louis Botha, J. H. de la Rey, J. C. Krogh, J. C. Smuts, L. J. Jacobsz (tans nog in die lewe) en D. van Velden. Die naamlys van Z.A.R. offisiere en sekretaris wat by Vereeniging teenwoordig was dra oor die honderd handtekeninge.

Op die lys van naamtekeninge van die Uitvoerende Raad van die O.V.S. verskyn die volgende:

M. T. Steyn, C. N. de Wet, J. B. M. Hertzog, C. H. Olivier, W. J. C. Brebner, J. D. Kestell en B. J. du Plessis.

Die ander lyste van die O.V.S. bevat die naamtekeninge van die „afgevaardigdes der O.V.S. op her Volkscongres te Vereeniging op 15 Mei 1902 en volgende dagen”. Naastenby 130 handtekeninge van welbekende Vrystaatse Offisiere verskyn op hierdie lys.

Nog 'n lys verdien vermelding want hierop verskyn die name van Engelse offisiere wat die Boere afgevaardigdes te Vereeniging vergesel het: David Henderson, Geo. M. Kirkpatrick, Raymond J. Marker, Geo. F. Milne, E. N. M. Leggett, A. A. McHardy, C. Ross, W. J. Bentinck, A. C. N. Baird.

Na die Anglo-Boere-Oorlog het mnr. J. C. Krogh magistraat van Lichtenburg en in 1904 van Waterberg geword. Nadat die Unie tot stand gekom het is hy tot Senator benoem en nogmaals sy land in verskeie kommissies gedien.

Van die versameling van foto's verdien enkele nadere beskrywing en word 'n paar hier afgebeeld. Dit is 'n foto van generaals de Wet, Botha en de la Rey voor 'n tent tydens die vredesonderhandelinge in Vereeniging.

'n Ander foto toon die vertwyfeling onder die Boereleiers aan toe hulle moes besluit tot oorgawe. Ongelukkig is hierdie unieke foto nie duidelik genoeg vir afbeelding nie.

'n Ander seldsame foto is die van die ses Z.A.R. lede van die Uitvoerende Raad was as afgevaardigdes die Vrede van Vereniging te Pretoria namens die Republiek moes onderteken. Die foto is geneem wat tans Parkzicht is op die hoek van Van der Walt- en Jacob Marestrate in Pretoria.

Sekere foto's is in Swazieland geneem toe mnr. Krogh deelgeneem het aan die afakening van die Transvaal-Mosambiek-Swazieland grens. Daar is ook 'n foto van die hoeksteenlegging van die magistraatskantoor te Bremersdorp en die verdedigingsmaatreëls tydens 'n natuurlike opstand in Swazieland.

Mev. M. Batchelor en mnr. P. Krogh het met hierdie skenking 'n pragtige voorbeeld aan die burgers van Pretoria gestel. Ook verdien ons bestuurslid mnr. J. P. Jooste 'n woord van dank dat hy in die eerste instansie mnr. P. Krogh na Oud-Pretoria verwys het.

W. PUNT.

# PRETORIA FIFTY YEARS AGO

## I

**M**Y first visit to Pretoria was in April, 1901 and my first impression was that, like all South African towns at that time, it was very dusty. It was a Sunday and I remember that the Band of the Norfolk Regiment played in Burgers Park, but with the crowd of soldiers and civilians present the dust was too dense for it to be comfortable.

I was in and out of Pretoria several times until I arrived at the end of September, 1902, to make it my permanent home, and I am of the opinion that one could do worse than live in Pretoria.

Until the middle of 1902 military activities appeared to dominate the town. Army Headquarters were at Melrose House, 275 Jacob Mare Street, and the Chief of the Staff occupied Park Zicht, almost next door. The railings of Burgers Park provided hitching posts for the horses of the mounted orderlies, many of whom wore colourful uniforms.

The action of Lord Roberts in establishing Army Headquarters here was of great importance to the town although probably no Pretorian recognised it at the time. Later, when Lord Milner came to the Transvaal he established his office and residence in Johannesburg which rumour said was to be the new capital. It was said that he wanted Army Headquarters transferred to Johannesburg but the military chiefs would have none of it, as from their point of view Pretoria was a better place than Johannesburg from which to conduct operations. Lord Milner however strengthened the rumour by transferring three state departments to Johannesburg where they remained for many years.

This talk of the removal of the Capital was taken very seriously in Pretoria and it served the purpose of uniting old residents, newcomers, English and Afrikaners into one camp against such a proposal. No love was lost between the two towns and even as late as 1929 the late Hon. J. H. Hofmeyr, after spending seven years in Johannesburg and five in Pretoria wrote: "The attitude of Johannesburg towards Pretoria is one of polite patronage. It is a pleasant place, some 35 miles away from the metropolis, by what used to be the worst road in the world but is now fairly good, almost an outlying suburb. 'There is not much to see or do there,' so the overseas visitor will be told, 'still it is worth your while to run over for an afternoon if you can spare it'."

As for the Pretorian, his predominant feeling towards Johannesburg is one of what one might call well-bred dislike, the dislike of the aristocrat for the parvenu, the disapproval of middle-aged respectability for the extravagances of youth. "A good place for amusement, or to do one's shopping in, but far too blatant, aggressive, self-assertive, certainly not a



place to live in". That was in 1929. Twenty-five years earlier the Pretorian's view of Johannesburg was much more forceful.

When in 1906 Mr. Campbell-Bannerman announced that full responsible Government was to be granted to the Transvaal, the Pretoria branch of the Progressive Party asked that the Letters Patent should contain a clause that Pretoria was to be the capital. The insertion of such a clause in the 1907 constitution undoubtedly saved the country from a lot of strife.

The appearance of Pretoria at the end of 1902 was vastly different from what it had been in April, 1901. It is true that Martial Law was still in force but, compared with the war period, few soldiers were about, and civil police patrolled the town which had assumed its normal aspect. Army Headquarters and the military departments had moved to Artillery Barracks, but Major Poore, the Provost Martial, was still at the Magistrate's Court.

At the turn of the century there was no Hatfield, Hillcrest, or Brooklyn and I think that Villieria and one or two of the smaller suburbs were the only townships in the Moot Valley. Trevanna, Sunnyside and Muckleneuk were fairly well built up, probably because of the tram service, but there were few houses in Arcadia east of Hamilton Street. North of Church Street beyond Nel Street the only buildings were a pumping station directly opposite Wessels Street, Hugh Crawford's "Craigielea", T. W. Beckett's "Merton Keep", and Andrew Johnston's "Lisdogan". In Pretoria West, or Burgher Right Erven as it was then called, the houses were very scattered and most of them were small and of wood and iron. The brick houses probably numbered less than fifty.

It may surprise many to learn that on either side of the Johannesburg Road, from the present site of the Central Prison to the point where the road now forks to Roberts Heights there were several hundred squatters engaged in making bricks. They remained there until the Municipality obtained control of the Town Lands. Most of the clay pits were subsequently filled in with rubbish from town but a few depressions can still be seen. A straight road led from Church Street West along von Weilligh Street to the drift at Daspoort near which were the Daspoort Hotel with a skittle alley, an oil mill and the Bacteriological Laboratory under Dr. Theiler. There was no railway to Rustenburg in those days so the Daspoort Hotel was the last "pull up" in Pretoria for the road traffic for Rustenburg. The other licensed hotels around Pretoria were Silverton, Fountains, Skinner's Court, Wonderboom (just this side of the poort), and the Pelican at Mayville. Of the six only Silverton survives.

An ugly blot near the town was the camp of white squatters on the government ground beyond Hove's Drift. It stretched westward from Beatrix Street along what is now Zoutpansberg Road to Hove's Drift where the bridge is today. These people lived in shanties of flattened

paraffin tins, sacking and brushwood; whole families were there for years without any sanitary arrangement whatsoever. They obtained their water from the river. They were moved off by the Government at about the time of Union.

C. J. BEANES.

(To be continued).

---

---

## MARIA VAN RIEBEECK

*Rede uitgespreek deur mevr. prof. Van den Heever by geleentheid van die onthulling van die Maria van Riebeck-straatnaamplaat.*

**N**AMENS die Maria van Riebeeck-Klub, Johannesburg, wil ek graag die Genootskap Oud-Pretoria bedank vir hulle vriendelike uitnodiging om vandag hier aanwesig te wees. Graag wil ons ook die Genootskap gelukwens met die gepaste vernoemings waarby die name van Jan en Maria van Riebeeck vir hierdie geslag en komende geslagte lewend in die herinnering sal bly.

In die kort tyd tot my beskikking wil ek probeer om vir u 'n vlugtige skets te teken van die vrou wat hier vernoem word, en wat reeds in 1940 in Johannesburg vernoem is deur 'n geselskap Hollandse en Afrikaanse vroue by die stigting van 'n vroueklub.

Omtrent Maria de la Quellrie is nie veel bekend nie. Besoekers aan die Kaap gedurende die kommandeur se dienstyl beskryf haar as 'n vrou met 'n innemende geaardheid, gesond en knap van uiterlik, met bruin hare en helder bruin oë.

Onwillekeurig dink 'n mens daaraan waarom so'n jong vrou uit goeie stand en met goeie middele haar in die huwelik sou verbind met iemand soos Jan van Riebeeck, 'n skeepsdokter in diens van die H.O.I.K., wanneer sy moes weet dat so'n huwelik vir haar sou beteken dat sy haar vaderland en die veilige, rustige bestaan daar vaarwel sou moes sê en haar al die opofferings sou moes getroos wat noodwendig daaraan verbonde moes wees. Maria de la Quellrie kon ongetwyfeld in Holland 'n goeie huwelik gedoen het en rustig tuis gebly het. Maar sy het die lewe saam met Van Riebeeck verkies, — die man met die vooruitstrewende maar onrusvoorspellende lyfspreuk: „Wie advancement soeekt, sal geen naerstighyt sparen.” Ons word gelei tot die afleiding dat hierdie kloeke jong vrou nie iemand was wat die rustige stilte van 'n burgerlike woning in Holland sou verkies nie. By haar het Van Riebeeck

se vertellinge waarskynlik 'n drang gewek om ook vreemde wêreld te betree, om ook gevaar en ontbering te trotseer in 'n avontuurlike bestaan in die onbekende.

Sedelike moed was haar erfenis, veral van vaderskant. Haar grootvader, Chrétien de la Quellerie, 'n Franse edelman van Boulogne, het met die Hugenote kant gekies en moes vlug vir sy geloof na Londen in 1574. Vandaar is hy na Holland waar hy veldprediker geword het in die leer van Prins Willem van Oranje. Die Spanjaarde het hom gevangene geneem, maar na vyf maande is hy vrygekoop deur die Prins teen 'n losprys van 100 krone. Chrétien se seun, Abraham, was Waalse predikant in Rotterdam, waar hy in 1630 oorlede is.

Maria, sy dogter, is gebore op 20 Oktober 1629, en het haar meisiesjare in Leiden deurgebring. In 1649, op 20-jarige leeftyd, het sy Van Riebeeck in Schiedam ontmoet, en is op 11 Maart van dieselfde jaar daar met hom getroud. Hulle eerste kind, Anthonie, is vroeg oorlede en dit was die tweede kind, Lambertus, wat op eenjarige leeftyd sy ouers vergesel het op die moeitevolle en gevaarvolle reis na die Kaap.

Wat 'n lewe moes dit op see gewees het vir 'n welgebore jong vrou met 'n kindjie om te versorg! Die donker skip met sy dowwe lanternlig en beperkte ruimte; die eentonige, onaantreklike voedsel; die ruwe, vloekende matrose; die siekte en sterfte rondom . . . .

Maar nog erger het haar gewag aan die Stormkaap, eufemisties genoem die Kaap (van) die Goeie Hoop!

Hoewel dit met die bou van die Fort so flink gevorder het dat Van Riebeeck by die berig van oorlog met Engeland (dit was die tyd van die Hollandse see-helde, Tromp en De Ruyter), in Oktober 1653 reeds kon sê: „Die vyand sal vind dat die Fort 'n kat is wat nie sonder handskoene aangepak kan word nie,” het die handjiewol Christenmense hulle nogtans van alle kante bedreig gevoel. Daar was die gevaar van wilde diere—Van Riebeeck se Dagverhaal vertel van ontmoetings met leeus, luiperds, hienas, slange. Daar was die vrees vir gevare wat, hoewel denkbeeldig, vir hulle in hulle onkunde nie minder aktueel was nie—dit was die ‚bedreiging’ vanuit die gewaande binnelandse ryk, Monomotapa . . . .

Siekte het hulle oorval en Maria het byna beswyk aan die koors. Swaar reëns het die groentetuine weggespoel, sodat Van Riebeeck geskryf het: „Het is hier een arm en ellendig leven.”

Vir Maria was dar die verdere angs dat haar man se lewe telkens bedreig is. Sy dissipline was vir sommige te streng, sy strawwe van kielhaal, paalbind, e.s.m. té drasties. 'n Soldaat wou hom vermoor. Kort-kort het opstand bedreig.

Ongerief en ellende was trouens haar lot. Die geboue was almal van hout gedek met riet en om brand te voorkom, kon geen vuur binnenshuis gemaak en geen lig gebrand word nie.

Wat dit vir 'n huisvrou moes beteken, kan wel geraai word.

Van Maria se drome van 'n romantiese, avontuurlike bestaan, kon nie veel oorgebly het nie.

So het die jare vir haar verbygegaan, totdat haar twee oudste kinders, Lambertus en Abraham, na Holland moes gaan vir hulle opleiding. Sy het hulle nooit weer gesien nie.

Maklik sien 'n mens in die verbeelding die lewenskragtige jong vrou agteruitgaan en verouder in haar moeilike lewensomstandighede. Maar Maria, soos Jan, bly godsdienstig en vertrou steeds op die Heer se genade. So word sy vir die Afrikaner 'n simbool—van die vrou van die voortrek, van die vrou in die konsentrasiekampe.

In die Ooste is sy later oorlede, in Malakka waarheen Van Riebeeck verplaas is. Sy was die moeder van sewe kinders.

Maria de la Quellerie se nagedagtenis verdien die onderskeiding wat u vandag daaraan toeken, dit is 'n gelukkige gedagte waaraan u hier uitvoering gee.

M. van den Heever.

---

---

*Heloise Greenlees:*

## *The Reception after the Wedding*

### II.

In the previous article Heloise Greenlees described the wedding ceremony of Sarie Preller and Charl Celiers in Occupied Pretoria. You will enjoy reading her description of the reception given to the happy couple after the wedding.

After what seemed quite a long drive we reached Harmony, where the bride and bridegroom walked to a huge tree, which we children named the Wild Apricot, for it bore a little yellow fruit which had a skin like the Apricot. We used to eat this fruit and how we are alive to tell the tale I don't know. I have never seen another tree of this kind, it was a lovely tree with a wide spread, and I sometimes wonder whether it may perhaps still be in existence, in the lower part of the normal College.

Under this tree congratulations were offered to the couple, and after congratulations the guests were invited to go into a marquee, which was a new

innovation, and was lent to Mrs. Preller by one of the Military regiments, or rather by an officer from the 94th Regiment, who happened to be a great friend of the family. The marquee was pitched on the green grass next to the stream of water which separated the homestead from the fruit garden, which stretched down to what is today van Boeschoteu Avenue, and under the shade of the large cellus trees (witstinkhout) and mimosas, and the willows, it was indeed a cool shady spot.

We, younger girls and boys had our tables set out under the shade of trees a little lower down the stream on green grass. We steeled ourselves down to a good feed, for what, with all the excitement from early morning, we were quite ready for something to eat.

After a little while we heard much merriment come from the marquee, so this was too much for us and we ran to peep in, o what a sight it was! The long table set out with all the delicious looking food, and pure white flowers, and every guest comfortably seated. Champagne? Oh Yes! and not South African either. I suppose, old Mr. Yzermann, a Hollander, who was fond of delicacies and food generally must have ordered it for Mr. Preller. We were fascinated at the sight, and wished we were grown up to stay in that marquee and listen to all the fun and merriment. Judge Kotze was proposing the health of the bride and the bridegroom, so we stayed on to see what would happen next, when suddenly the whole crowd burst into singing, „Die Aapie se bruilof,” I think, for I just remember them singing „Ons dans laat dit so gons, die onderveldse Kotiljons,” the lines I knew of that long song. I peeped in again after the singing and saw our officer in tartan trousers, rather narrow, with a navy blue tunic. I thought he looked funny.

These British Army men were at this wedding as this was of course during the first British occupation (1877-81) and just a few months before the war of Independence.

When the toast of the bridesmaids and flower girls had to be proposed we were asked to come into the marquee and were we pleased. Mr. Johann Rissik proposed the toast, and as usual said all the flattering things about us. Mr. Rissik later became the first Administrator of the Transvaal. After the toast another song was sung, but I am not quite sure what it was.

Just about 2.30 one of the soldiers from the military band struck up God Save the Queen and every one rose, for the Administrator Colonel Lanyon later Sir Owen, arrived and with him Rider Haggard, who had been Sir Thophilus Shepstone's Secretary. Every one was surprised to see him back in Pretoria, as he left for England in August 1879. However, I suppose the call of South Africa was too strong for him. Why God Save the Queen should have been played for Colonel Lanyon I did not know. I suppose our young bandsmen were over enthusiastic.

We younger ones, tired of listening to toasts, so we got the bright idea of going paddling in the river, which we did. The river is the same murky

stream which we all see when driving through van Boeschoten Avenue. Those days it was crystal clear, with maiden hair ferns growing on the banks, and it was a favourite bathing spot. It was shady and cool and safe, for it was just at the foot of the fruit and vegetable gardens. We paddled to our hearts' content, and when we returned we found the grown-ups playing dumb characters, and here we enjoyed ourselves trying to guess what the mining all meant, and what play they conveyed.

Soon the sun was waning and our mothers wanted to return to their homes, but Mr. Preller persuaded them to let us remain for the dance in the evening, promising to see that we go off to our Kermis Beds in the big outside room, not later than 11 o'clock. Now I may add, though young, we were no mean dancers, and we danced the polka, mazurka, schottische, and the "Vas Trap" and "Sif," with any amount of zest: The quadrille also with its many figures was no stranger to us! We stayed and had supper under the trees, and then danced until 11 p.m., when the bride and bridegroom went off in their little "perdewa" drawn by four horses, and so to us, young flower girls, came to an end a most unforgettable day. The older people I do believe danced through the night.

As I said a wedding those days was an all day affair, and the next day all the friends were back at Harmony to help Mrs. Preller clear up and get her home back to normal.

During the seige of 1880-81, just a few months after Sarie and Charl got married, Mr. Preller was appointed Mayor, thus becoming the first Mayor of Pretoria.

Mr. Preller had two brothers, Robert and Carl, and one was the father of Dr. Gustav Preller. He also had a step brother Maurits.

Sarie and Charl had three children. Sybil, who married Colonel Anderson; he was attached to Sir Patrick Duncan's staff when he was Governor-General. Mrs. Anderson and her husband are deceased. The son, Mr Cyril Celliers, for years in the Agricultural Department, still lives in Pretoria. Mrs. Currie, the second daughter, lives in England.

---

---

## Vier Bestuursvorme binne een Dekade

### II.

In 'n vorige artikel het mnr. Van Aardt ons meegedeel hoedat, na die besetting van Pretoria deur die Imperiale magte, 'n nuwe regeringsvorm in die lewe groep is in 1901. Toe besluit is om Sjinese arbeiders in te

voer om in die myne te kom werk, was die gemoedere gaande en is gereed gemaak vir kontra-optrede. Lees nou verder:

Op inisiatief van genl. Botha en ander volksleiers is op 23, 24 en 25 Mei 1904 'n groot kongres van ongeveer 170 afgevaardigdes in een van die bo-sale van die pas-voltooid Volkstemgebou in Andriesstraat te Pretoria gehou. Genl. Botha is tot voorsitter, genl. S. W. Burger tot vise-voorsitter en mnr. A. Goldmann tot sekretaris verkies.

Verskillende landsake van gewigtige belang is hier bespreek: veepeste, die armbanke vraagstuk, protes teen die invoer van Sjinese, die groot oorlogskuld, opvoeding, verantwoordelike regering, amnestie aan diegene wat die Republieke in die oorlog gesteun het, en dergelike meer. Genl. Botha het daarom sterk aanbeveel dat 'n organisasie opgerig moet word wat sou trag om helderheid te verkry oor hierdie en nog meer probleme.

'n Voorgestelde besluit ins. organisasie, opgestel deur 'n daartoe gemagtigde kommissie, het soos volg gelui:

„Deze vergadering besluit dat de tijd gekomen is een organisatie te stichten voor de behartiging van de landbouw-, handels- en ander maatschappelijke belangen van de bevolking van Transvaal, en dat deze organisatie zal gesticht worden op zo brede nationale basis als mogelijk.

„Te dien einde wordt een Hoofd-komitee te Pretoria in 't leven geroepen, bestaande uit zeven leden die door deze vergadering benoemd zullen worden.

„Het Hoofd-komitee wordt hiermee gemachtigd:

„(a) een uitgewerkte konstitutie op te trekken voor deze organisatie, insluitende vertakkingen ervan in de steden, dorpen, wijken en distrikten van Transvaal, als mede een algemeen reglement van orde;

„(b) deze konstitutie zo spoedig mogelijk in werking te stellen over geheel Transvaal.

„Als leden van dit Hoofd-komitee worden benoemd:

„Louis Botha, J. H. de la Rey, S. W. Burger, C. F. Beyers, Ewald Esselen, A. D. Wolmarans en J. C. Smuts.”

Met algemene stemming is bogenoemde besluite goedgekeur.

Hiermee het die eerste Boere-organisasie in Transvaal sedert die oorlog op die been gekom. Hoewel verower en onder 'n vreemde juk, het die Transvaalse Boere nie hulle betrekkinge met hulle ou Staatspresident vergeet nie. 'n Voorstel van genl. Botha dat 'n telegram van hartlike groete aan oud-President Kruger in Europa gestuur moes word waarin die vergadering tegeleykertyd sy leed te kenne gee dat dit Sy H.Ed. hierdie groete nie in sy eie land in die boesem van sy familie en vriende kan bring nie, is eenparig en staande goedgekeur en die koste van die kabel is gedek deur 'n kollekte wat inmiddels gehou is. Aan hoeveel van ons is die gryse President se antwoord hierop (sy laaste boodskap) bekend? Die brief is op 16 Desember 1904, by geleentheid van President Kruger se plegtige

begraving te Pretoria, op die plein voorgelees. In hooftrekke kom dit hierop neer: hy is dankbaar oor die beraadslaging van die volksvergadering. Uit die verlede moet die goeie en skone gesoek word en daarvolgens moet die nuwe ideaal gevorm en probeer verwesenlik word. Die eenheid onder die volk stem hom tot dankbaarheid, en hy maan die volk teen die noodlottige beleid van „Verdeel en Heers”. Die bloei van Afrikaanse nasionaliteit en taal wat uit die eendrag sal spruit, sal hy nie beleef nie. „Geboren onder Engelse vlag, zal ik nie daaronder sterven.” Hy het berus in sy ballingskap, ver van bloedverwante, vriende en die land waaraan hy sy lewe gewy het om dit te open vir die beskawing en waar hy ’n eie nasie sien ontwikkel het.

Die bitterheid word versag deur die wete dat die werk wat eenmaal aangevang is, voortgesit word en deur die hoop en verwagting dat dit goed sal wees.

Uit die diepste van sy siel groet hy genl. Botha en die ganse volk.

Die eerste Volkskongres sowel as die teraardebestelling van die stoflike oorskot van die ou President moes ’n begeesterende invloed op die Afrikaners uitgeoefen het. ’n Tweede Kongres het in Julie 1905 in Pretoria gevolg waartydens die beginsels, doelstelling en program van die organisasie „Het Volk” neergelê is. En dit was op daardie program dat „Het Volk” agtien maande later, in Februarie 1907, die eerste algemene verkiesing gewen het. Genl. Botha het Eerste Minister geword. Aldus het Transvaal weer ’n metamorfose van regeringsvorm beleef: ’n magnate-bewind moes plek maak vir ’n meer Afrikaans-georiënteerde bestuur. Sedert die laaste presidentsverkiesing van die Z.A.R. het daar darem ook groot modernisering plaasgevind, want in plaas van in die bekende presidentskoets, het genl. Botha nou in ’n outomobiel na die Raadsaal gery!

Het Volk-kongresse het jaarliks nog gevolg — gewoonlik in die Susanna-saal, in Bosmanstraat (Kochstraat), of in die Vrymesselaarsaal op die hoek van Andries- en Vermeulenstraat. En omdat die eerste punt van die program van die organisasie bepaal dat daar geywer sou word vir die vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies en die „aanstelling van ’n Nasionale Konvensie om ’n Ontwerp-grondwet op te trek”, het hierdie politieke beweging en sy Boereleiers hulle vervolgens daarop toegespits. Hoe dit, in oorlegpleging met die regerings van die ander S.A. kolonies uiteindelik uitgeloop het op die Suid-Afrikaanse Nasionale Konvensie wat vir ons die Suid-Afrika-Wet van 1909 opgestel het, is aan ons goed bekend.

Artikel 18 van hierdie Wet bepaal dan ook dat „behoudens de uitzondering van artikel drie-en-twintig . . . Pretoria die regeringszetel van die Unie (zal) zijn.”

Hierin vind ons die kulminasie van die groot aandeel wat die stad waar die gees van ’n Kruger woon, gespeel het in die totstandkoming van ’n nuwe Eenheid in die ry van wêreldstate.

J. M. H. VAN AARDT.



# Enige Mededelings

## i. v. m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat

deur H. M. REX

### II.

In 'n vorige artikel het mnr. Rex, argitek Klaas van Rysse se aandeel in die bou van die Goewermentsgebou beskryf. Maar met die afkeuring van die voorgestelde plan en bestek 1887, het dit gelyk of die bou van 'n geskikte Goewermentsgebou in Pretoria op die langebaan geskuif sou word. Lees nou verder:

Die Kommissie het nie daarin geslaag om die Regering te oorreed om die terrein vir die voorgestelde Goewermentsgebou te vergroot of enige ander terrein te kies nie, maar die vernaamste vrug van sy werksaamhede was dat die ontwerp van J. W. Leslie Simmonds finaal afgekeur is deur die Regering. Ook het die Regering teen daardie tyd besef dat die kennis en ondervinding van Klaas van Rysse vir die Staat van groot waarde kon wees, en aangesien Sytze Wierda, van Amsterdam, wat intussen aangestel is deur die Regering as Gouvernements Ingenieur en Architect, eers teen die einde van 1887 sy betrekking sou aanvaar, is Van Rysse op die 3de Augustus 1887 as Waarnemende Gouvts. I. & A. aangestel.<sup>8)</sup>

Na die afloop van die Kommissievergaderings en sy tydelike aanstelling as Gouvts. I. & A. het Van Rysse sy aandag toegespits op 'n eie ontwerp van 'n Goewermentsgebou en die probleem van die onvoldoende ruimte op Erf No. 383 met Pres. Kruger bespreek, maar hy is te kenne gegee dat die Regering „bleef by het besluit om het bewuste gebou op het aangewese terrein te plaatsen”. Na aanleiding daarvan deel Van Rysse mee: „Waarom ik in myn beskikbare uren, tot een oplossing tracht te komen, van het moeilijke vraagstuk, om een groot, ruim en doelmatig gebou te projecteren op een terrein dat fytylyk voor dat doel te klein is.”<sup>9)</sup>

Pres. Kruger was vanaf die einde van September tot die einde van Oktober 1887 met 'n Afvaardiging na die O.V.S. en 'n dag voor sy vertrek het hy insae in Van Rysse se nuwe sketsplanne gehad. Oor die algemeen was Pres. Kruger heeltemal tevrede met die ontwerp van Van Rysse, behalwe dat hy sekere wysiginge m.b.t. die Volksraadsaal, aan die hand gedoen het. Hy het opdrag aan Van Rysse gegee om na die finale voltooiing van die veranderinge die planne onmiddellik aan die Regering vir goedkeuring voor te lê. Dit was baie naelskraap of die nuwe ontwerp van Van Rysse was goedgekeur. Op die 11de Oktober 1887 het Staatsekretaris Bok aan

Van Rysse laat weet dat die Regering eers wou wag met 'n besluit oor die ontwerp tot na die terugkoms van Pres. Kruger uit Bloemfontein. Eers op die 31ste Oktober het die Afvaardiging in Pretoria teruggekeer, en op daardie dag was Sytze Wierda, die aangestelde Gouvts. I. & A. reeds in Pretoria. Die volgende dag het Wierda sy ampseed by Pres. Kruger afgelê, was Van Rysse se dienstyd as Waarnemende Gouvts. I. & A. daarmee outomaties beëindig en het Wierda sy aandag aan die ontwerp van 'n Goewermentsgebou gegee.

Die ontwerp van planne vir die Goewermentsgebou was Wierda se eerste groot en belangrike werk as Gouvts. I. & A. Na besigtiging van die terrein, 'n studie van die ruimte benodig vir die verskillende departemente, en waarskynlike gesprekke met Van Rysse, wat intussen, na vertoë deur Wierda, as Klerk en Assistent van die Gouvts. I. & A. aangestel is,<sup>10</sup>) het Wierda ook spoedig tot die oortuiging geraak dat 'n groter terrein vir 'n ruim en doelmatige Goewermentsgebou 'n dringende noodsaaklikheid was.

Op verdere ernstige aandrang van Wierda, gesteun deur Van Rysse, is die oostelike helfte van Erf No. 382 (411) in Desember 1887 deur die Regering van C. P. Pretorius aangekoop en is die eiendom op die 10de September 1888 op naam van die Gouvernement van die Z.A.R. geregistreer, nadat in die loop van 1888 eers finaal oor die prys ooreengekom is.<sup>11</sup>)

Ongelukkig het die besondere lêer No. R.8162/87 i.v.m. die aankoop van die halwe erf van C. P. Pretorius en die hotelgeboue van L. G. Vorstman op een of ander stadium verlore geraak en tot op datum kon dit, na 'n uitgebreide soektog, nog nie deur my in die Argief opgespoor word nie.

L. G. Vorstman het 'n huurkontrak vir die European Hotel tot 1898 gehad. Hy was bereid om die huurkontrak aan die Staat oor te maak vir £8,000, nadat hy aanvanklik 'n baie hoër prys gevra het. Aan C. P. Pretorius, die eienaar van die grond, sou £1,000 betaal word, tesame met vier erwe, „gelegen boven in het dorp by het aan te leggen plein”. Die Uitvoerende Raad het sterk besware gehad teen die hoë pryse. Pres. Kruger het persoonlik met die eienaars oor 'n laer prys onderhandel, maar sonder sukses, en uiteindelik het hulle tot die aankoop van die erf met die geboue daarop besluit.<sup>12</sup>)

Op die 15de Augustus 1888 het die saak van die bg. aankoop weer op 'n Uitvoerende Raadsvergadering te berde gekom. Die Uitvoerende Raad het toe besluit om 'n wysiging in die tweede gedeelte van die U.R. Bsluit No. 506/1887 aan te bring en te bepaal „dat gezegde Christiaan Pretorius by het geven van transport van gezegd halve erf zal ontvangen een som van £1,500 en 4 erven gelegen boven in het dorp by het aan te leggen plein en de Registrateur van Acten op te dragen transport te ontvangen van het halve erf en te geven van de 4 erven en wel van Nos. 877, 878, 881 en 882 en den Auditeur-Generaal op te dragen de rekening te auditeeren.”<sup>13</sup>)

Teen die begin van Desember 1887 het Wierda dus een-en-'n-halwe erf

tot sy beskikking gehad om die Goewermentsgebou op te plaas. Gedurende April 1888 was die ontwerp van die gebou voltooi — op daardie stadium nog net met een verdieping, sonder die Tweede Volksraadsgebou en met 'n conciergewoning op die suidwestelike hoek — en kon daar tenders vir die oprigting van die gebou gevra word. Die „Ou Gouvernementsgebou” staan dus vandag op Erf 412 (383) en die oostelike helfte van Erf No. 411 (382), behalwe die inrit, wat op 'n gedeelte van die oorspronklike Kerkplein geleë is, en 'n klein gedeelte van die westelike vleuel, wat inbreuk maak op die terrein van die destydse westelike gedeelte van Erf No. 411 (382).

Die westelike helfte van Erf No. 382 (411) het mettertyd die straat wat Pretoriusstraat en Kerkplein met mekaar verbind, geword, en dit is wetenswaardig om kortliks die geskiedenis van die halwe erf na te gaan.

(Word vervolg).

- 
- (8) R.5192/87.
  - (9) 2136/87.
  - (10) U.R.B. 500/87 dd. 21/11/87.
  - (11) Transportakte No. 1888/2211.
  - (12) U.R.B. 506/87 dd. 30/11/87.
  - (13) U.R.B. 436/87 dd. 15/8/88.
- 
- 

## Origin of Street Names

In the September, 1952, issue Mr. R. Peacock has shewn that Plein Street was renamed Christina Street by the Municipality in 1931. May I supplement that information by pointing out that at that time the old buildings on Pretorius Square were being demolished so that the City Hall could be erected on the site. On the S.W. corner of the block, that is at the N.E. corner of Bosman and Minnaar Streets, there stood a large red-brick house named Christina Villa. Did the name of the villa provide the new name for Plein Street?

### **De Waal and Margaretha Streets:**

De Waal Street is named after Mr. E. H. de Waal who was the Inspector General of Customs under the Republic. He was a member of a large party of Boers who left the Transvaal for Kenya about 1906. If, as stated, he had a daughter named Margaretha then Margaretha

Street would be named after her as she was, I believe, the vendor of the estate.

#### **Parliament Street:**

This street was previously known as Church Lane and Theatre Lane.

#### **DECEMBER, 1952, ISSUE:**

#### **Central Street:**

About fifteen years ago a part of Henwood's store was demolished to provide space for this street. Henwood's store had occupied this site for fifty years and it would have been more appropriate to have named it Henwood Street. No street should be given a name like Central Street that can be translated into the other official language.

#### **Shepherd Street:**

This street, between Prinsloo and du Toit Streets, was formerly known as Joubert Lane. As there was also a Joubert Street the name was altered to Shepherd Street, no doubt because the Mission of the Good Shepherd was in the street. According to the Dean of Pretoria in 1905 Bishop Carter arranged for the Wantage Sisters to found the School of the Good Shepherd for coloured children in the street. It was subsequently taken over as a mission by the Society for the Propagation of the Gospel. The Mission is now in Bloed Street, but the Shepherd Street premises are still used by the mission as a girls' hostel.

C: J. Beanes.


---

---

## **Die Geskiedenis van Hercules**

### **II.**

**D**IE eerste deel van Daspoort wat in erwe opgemeet was, is die teenswoordige Hermanstad, deur landmeter M. H. Walker in opdrag van Karel Rood en S. Michaelson (1897) wat die gedeelte gekoop het van Maria Elizabeth Hermann (gebore van der Walt), die eggenote van wyle Matthys Johannes Hermann.



THE TRANSVAAL WAR, 1899—1902. TRAIN DERAILED AT DASPOORT (1902)

(Museum, Alb. D, No. 45)

Hermanstad, 350 erwe, is dus vernoem na die Hermann-familie wat in 1878 die eerste opstal aan die Westekant van die Apiesrivier aangelê het, tussen die treinspoor en die Apiesrivier, waar die sementfabriek en Herculesmeule vandag is.

Die volgende gedeelte om opgemeet te word was die teenswoordige „Pretoria Gardens” in Oktober 1903 deur W. R. Lanham. Hierdie grond het behoort aan Tys en Paul Hermann, kinders van Matthys Johannes Hermann. Die plan van „Pretoria Gardens” is opgestel deur Carl Schürmann wat tans woonagtig is te „Palm Court”, aan die begin van Schürmanlaan in Pretoria Gardens. Mnr. Schürmann het dan ook al sy broers en susters se name aan die strate gegee soos Lottie-, Elsa-, Paula-, Hanny-, Louisa-, Ernest- en Willies Hillstraat, terwyl Weirstraat na sy moeder wie se nooisensvan Weir was, vernoem is. Carlstraat heet na die tekenaar self en Schürmannlaan na sy vader, ook Carl Schürmann, ’n gewese siviele ingenieur vanaf Berlyn, Duitsland.

In Mei 1903 word ’n gedeelte van die plaas Wonderboom No. 311, Dist. Pretoria, behorende aan Deneyschen, in 651 lotte deur landmeter D. G. B. Malherbe opgemeet. Hierdie deel is die teenswoordige Mountain View en geleë aan die suidelike hang van die Magaliesberge in Hercules.

Die volgende dele van Hercules is almal kort na mekaar opgemeet: Daspoort Estate in Augustus 1904, dan Daspoort, die resterende gedeelte van die plaas Daspoort in Sept. 1904, Claremont, ’n gedeelte van Zandfontein en Boosens, ook ’n gedeelte van Zandfontein, in Maart 1905.

In 1905 was daar nog min mense woonagtig in die gebied wat tans Hercules is. Van die bekendste inwoners was die Hermanns, Boosense, Schürmanns, Frank Day, die latere burgemeester van Pretoria, de Beer, Dale, Williams, Deneyschen, Hans van Zyl, Peens en Wolf van der Merwe, die vader van Oom Piet van der Merwe wat later viermaal burgemeester van Hercules was en Hercules later verteenwoordig het in die Pretoria Stadsraad.

In 1908 was die bevolking ongeveer 400 kiesers en word toe Wyk 3 van die gesondheidskomitee van Innesdal. Die eerste verteenwoordiger van Wyk 3 was Barry Keyter, wat tans op Warmbad woon. Mnr. Mansfield, amptenaar te Innesdal, het elke maand met ’n trapfiets Wyk 3 besoek om die belastingsfooie te kom invorder. Hy het selfs lisensieplaatjies vir fietse, honde en voertuie saamgebring. Soos reeds genoem was daar sewe voorstede aangelê oor drie plase maar al sewe het verkeerdlik die naam van Daspoort bly behou.

In 1918 het Wyk 3 sy tweede verteenwoordiger gekry in Mias Boucher en in 1920 het ’n derde bygekom. Daspoort het egter probleme gehad met die Rustenburgpad en aangesien Innesdal nie die moeilikheid kon oplos nie, het presone in Daspoort begin agiteer vir afskeiding van Innesdal.

— R. PEACOCK.

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

## NAAMLYS VAN DIE GEWONE LEDE

- Dr. W. Punt, St. Patrickweg 251, Pretoria.  
Mev. W. Punt, St. Patrickweg 251, Pretoria.  
Mnr. H. P. H. Behrens, Posbus 16, Silverton.  
Mnr. P. J. H. Basson, Schoemanstraat 1227, Hatfield, Pretoria.  
Kapt. Melt van Niekerk, p/a Militêre Akademie, Voortrekkerhoogte.  
Mrs. E. C. Lane, 289 Walker Street, Pretoria.  
Dr. V. FitzSimons, P.O. Box 413, Pretoria.  
Dr. J. Ploeger, Crotsstraat 946, Rieffontein, Pretoria.  
Dr. Coenraad Beyers, Amosstraat 34, Colbyn, Pretoria.  
Prof. dr. A. N. P. Pelzer, Universiteit van Pretoria, Pretoria.  
Miss Cobie Court, 43 Parkview Mansions, Arcadia Street, Pretoria.  
Dr. P. J. du Toit, p/a Raad vir Wetenskaplike en Nywerheids navorsing, Pretoria.  
Prof. dr. S. P. Engelbrecht, p/a Universiteit van Pretoria, Pretoria.  
Mnr. W. Cooper, Hochstettergebou, Pretoria.  
Mrs. W. Cooper, Hochstettergebou, Pretoria.  
Mnr. C. Basson, p/a Die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria.  
Mnr. J. C. Vlok, De Kockstraat 396, Sunnyside, Pretoria.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**

Kerkstraat 236, Pretoria.

en

**VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL**

Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION BOOK STORE**

236, Church Street, Pretoria.

and

**VAN SCHAIK'S BOOK STORE**

Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy.

# Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig 22 Maart 1948)

# Association Old Pretoria

(Founded 22 March 1948)

---

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

---

---

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

---

## BESTUUR:

## EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere President ..... The Mayor of Pretoria ..... Honorary President  
Die Burgemeester van Pretoria

Voorsitter ..... Dr. W. Punt ..... Chairman

Ondervoorsitter ..... Prof. A. N. Pelzer ..... Vice-Chairman

Sekretaris ..... Dr. F. J. du Toit Spies ..... Secretary

Penningmeester ..... Mnr./Mr. G. Rissik ..... Treasurer

Argivaris ..... Mej./Miss J. A. Davies, M.A. ..... Archivist

Redakteur ..... Dr. T. S. van Rooyen ..... Editor

Lede ..... Dr. V. Fitzimons ..... Members

Mevr./Mrs. H. Greenlees

Mnr./Mr. J. P. Jooste

Mnr./Mr. R. Peacock

Mnr./Mr. H. A. de Loor

Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:

Raadslid/Councillor W. J. Seymore.

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422,/Bydraes moet gestuur word  
aan die Redakteur, Posbus 1422.